

**No. 54488\***

---

**South Africa  
and  
Russian Federation**

**Agreement between the Government of the Republic of South Africa and the Government of the Russian Federation on scientific and technological cooperation. Cape Town, 13 September 1993**

**Entry into force:** *13 September 1993 by signature, in accordance with article 12*

**Authentic texts:** *Afrikaans, English and Russian*

**Registration with the Secretariat of the United Nations:** *South Africa, 8 June 2017*

**Note:** *See also annex A, No. 54488.*

*\*No UNTS volume number has yet been determined for this record. The Text(s) reproduced below, if attached, are the authentic texts of the agreement /action attachment as submitted for registration and publication to the Secretariat. For ease of reference they were sequentially paginated. Translations, if attached, are not final and are provided for information only.*

---

**Afrique du Sud  
et  
Fédération de Russie**

**Accord de coopération scientifique et technologique entre le Gouvernement de la République sud-africaine et le Gouvernement de la Fédération de Russie. Le Cap, 13 septembre 1993**

**Entrée en vigueur :** *13 septembre 1993 par signature, conformément à l'article 12*

**Textes authentiques :** *afrikaans, anglais et russe*

**Enregistrement auprès du Secrétariat de l'Organisation des Nations Unies :** *Afrique du Sud, 8 juin 2017*

**Note :** *Voir aussi annexe A, No. 54488.*

*\*Aucun numéro de volume n'a encore été attribué à ce dossier. Les textes disponibles qui sont reproduits ci-dessous sont les textes originaux de l'accord ou de l'action tels que soumis pour enregistrement. Par souci de clarté, leurs pages ont été numérotées. Les traductions qui accompagnent ces textes ne sont pas définitives et sont fournies uniquement à titre d'information.*

[ AFRIKAANS TEXT – TEXTE AFRIKAANS ]

OOREENKOMS  
TUSSEN  
DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA  
EN  
DIE REGERING VAN DIE RUSSIESE FEDERASIE  
OOR  
WETENSKAPLIKE EN TEGNOLOGIESE SAMEWERKING

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Russiese Federasie (hierna "die Kontrakterende Partye" genoem),

BEGERIC om langtermyn-samewerking tussen die twee lande ten opsigte van wetenskap en tegnologie te bevorder en te versterk op die basis van respek vir die beginsels van gelykheid, soewereiniteit en wedersydse voordeel;

MET inagneming dat sodanige samewerking die verstewiging van ekonomiese en vriendskaplike betrekkinge tussen die twee lande sal bevorder; en

BEWUS van die voordele wat beide lande uit wetenskaplike en tegnologiese samewerking kan put,

HET soos volg ooreengekom:

- g) enige ander areas van wedersydse belang waaroor ooreengekom mag word.

#### ARTIKEL 4

1. Met die oog op die implementering van die wetenskaplike en tegnologiese samewerking waarvoor in Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms voorsiening gemaak word, sal die Kontrakterende Partye, waar toepaslik, die aangaan van werksooreenkomste tussen regeringsagentskappe, navorsingsinstitute, universiteite en ander ondernemings aanmoedig, en die terme en voorwaardes van spesifieke samewerkingsprogramme en projekte, prosedures wat gevolg moet word, finansiële terme en ander toepaslike aangeleenthede spesifiseer.
2. Die uitruil van inligting en spesialiste wat in hierdie Ooreenkoms in die vooruitsig gestel word, sal op die basis van wederkerigheid uitgevoer word, tensy anders deur die toepaslike kontrakterende organisasies ooreengekom word.
3. In die implementering van die voorwaardes van hierdie Ooreenkoms sal behoorlike ag geslaan word op die outonomie van verskeie institute en liggame, en hul vryheid om wedersydse betrekkings en ooreenkomste aan te gaan en te handhaaf, sal erken word.

#### ARTIKEL 5

Alle aktiwiteite wat ingevolge hierdie Ooreenkoms uitgevoer word, is onderhewig aan die voorwaardes van die nasionale wetgewing van die Kontrakterende Partye.

#### ARTIKEL 6

1. Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika sal die Stigting vir Navorsingsontwikkeling en die Russiese Federasie sal die Ministerie van Wetenskaps- en Tegnologiebeleid as hul onderskeie uitvoerende

agentskappe aanwys, verantwoordelik vir die implementering van hierdie Ooreenkoms.

2. Verteenwoordigers van die uitvoerende agentskappe van die Kontrakterende Partye sal gereeld ontmoet om vordering met die implementering van die ooreengekome reëlins te hersien en om nuwe areas en programme van samewerking te definieer, asook om ander aangeleenthede wat met hierdie Ooreenkoms verband hou, te bespreek.

#### ARTIKEL 7

Enige vrae rakende die implementering of interpretasie van hierdie Ooreenkoms, sal deur die diplomatieke kanaal gekommunikeer word.

#### ARTIKEL 8

Elkeen van die Kontrakterende Partye onderneem om nie wetenskaplike en tegnologiese inligting wat van die ander Kontrakterende Party ontvang word of die resultate van samewerking binne die raamwerk van hierdie Ooreenkoms aan enige derde party te verskaf, sonder die amptelike toestemming van die ander Kontrakterende Party nie.

#### ARTIKEL 9

Die Ooreenkoms sal in die Russiese, Engelse en Afrikaanse tale onderteken word en al die tekste sal ewe outentiek wees. In geval van teenstrydigheid tussen die tekste of interpretasieverskille, sal die Engelse teks deurslaggewend wees.

#### ARTIKEL 10

Hierdie Ooreenkoms kan deur wedersydse toestemming aangevul of gewysig word. Sodanige byvoegings of wysigings sal in 'n protokol addendum tot die Ooreenkoms vervat word, onderteken deur die gemagtigde verteenwoordigers van die Kontrakterende Partye.